# MANDAAT

tussen

**SENWES BEPERK**
(Registrasienommer 1997/005336/06)
**Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer en Markdeelnemer**
FSP Nr. 13963

**(“Senwes”)**

en

_____ (*volle name en van*)

*ID nommer:* _____ *(direkteur / lid / trustee*)

vir en namens: _____
(*naam van entiteit*)

**Met die volgende besonderhede:**

Registrasie nr: _____

Belastingnommer: _____

BTW (*VAT*) reg nr: _____

Aandeelhouers nr: _____ Senwes klant nr: _____

Fisiese adres: _____

_____

_____

_____

_____

Posadres: _____

_____

_____

_____

_____

Telefoon nr: _____ Selfoon nr: _____

E-pos adres: _____

Selfoonnommer van ‘n naasbestaande: _____

**Bankbesonderhede:**

Rekeningnaam: _____

Naam van Bank: _____

Tak: _____

Takkode: _____

Rekeningnommer: _____

Tipe Rekening: _____ *(Tjek of Spaar)*

## 1. Mandaat

1.1 Die Kliënt stel hiermee aan en magtig Senwes Beperk, as die Kliënt se agent en finansiële tussenganger om, in terme van hierdie mandaat (hierinlater na verwys as **"hierdie Mandaat" of "hierdie Ooreenkoms"),** transaksies aan te gaan en te sluit vir die verhandeling in beide of enige een van die Maatskappy(e) (Senwes en/of Senwesbel se sekuriteite ("aandele") as finansiële produkte op 'n gelisensieerde beurs soos voorsien in die Wet op Finansiële Markte, Nr. 19 van 2012, of andersins.

1.2 die omvang van Senwes se mandaat is beperk tot:

1.2.1 opdragte vir transaksies wat verband hou met Senwes en Senwesbel aandele alleenlik; en

1.2.2 die koop en verkoop van Senwes en Senwesbel aandele alleen in gevalle waar daar ooreenstemmende teenpartye is (m.a.w. koop en verkoop op 'n agentebasis alleen).

1.3 Die Kliënt stel hiermee met mag van substitusie die Groepsekretaris van Senwes *ex officio*, of enige uitvoerende direkteur van Senwes aan om enige oordragvorm en ander relevante dokumentasie wat benodig mag word ter uitvoering van hierdie mandaat en om aandele na die oordragnemer oor te dra, te voltooi en te onderteken.

1.4 Indien die Kliënt se aandele verkoop word ingevolge die Kliënt se opdragte van tyd tot tyd, doen die Kliënt afstand van enige regte, titel en belang wat die Kliënt gehad het in en ten opsigte van die aandele en bevestig hiermee en kom ooreen dat hy/sy alle aksies deur die agent geneem in terme van hierdie volmag, ratifiseer en bevestig.

1.5 Die Kliënt waarborg hiermee dat die aandele die Kliënt se alleeneiendom is en vry is van enige beswaring of aanspreeklikheid of regte van derde partye (bv sekuriteitehouers), met uitsluiting van enige beswaring ten gunste van Senwes, indien van toepassing.

1.6 Die Kliënt waarborg hiermee dat hy/sy nie oor binne-inligting beskik soos gedefinieer in die Wet op Finansiële Markte, Wet Nr. 19 of 2012 nie, en vrywaar die Maatskappye en hul werknemers en beamptes hiermee teen enige skade, verlies of aanspreeklikheid wat gely mag word as gevolg van die verbreking van sodanige waarborg.

1.7 Die Kliënt waarborg dat in geval van die koop van aandele, die fondse en die bron van sodanige fondse wettig is en nie direk of indirek die opbrengs van enige onwettige aktiwiteit is nie (insluitend sonder beperking, enige oortreding van die Suid-Afrikaanse Valutabeheer Regulasies), soos gedefinieer in die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, Nr. 121 van 1998, soos gewysig en die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, Wet nr. 38 van 2001.

## 2. Makelaarsloon en -fooi

2.1 Die Kliënt sal aanspreeklik wees vir die betaling van die gelisensieerde beurs se makelaarsfooie, sekuriteite-oordragbelasting en enige ander heffings, soos van tyd tot tyd vereis en soos gepubliseer op die webtuiste van Senwes: www.senwes.co.za.

2.2 Die Kliënt aanvaar en neem kennis dat transaksies vir die verhandeling van die Maatskappy se aandele in terme van hierdie mandaat, onderworpe sal wees aan die gelisensieerde beurs se noteringsvereistes en dat die koopprys, tesame met die makelaarsloon en -fooie, betaalbaar sal wees aan Senwes in die rekening soos hieronder aangedui, voordat enige instruksie tot verhandeling deur Senwes uitgevoer sal word: indien die Kliënt sou versuim om sodanige betaling te maak, sal die bepalings van klousule 4.2 hieronder van toepassing wees.

## 3. Gemagtigde Finansiële Tussenganger

3.1 Senwes as Finansiële Diensteverskaffer bevestig hiermee dat, in terme van die Wet op Finansiële Adviseurs en Tussengangersdienste, Senwes gemagtig is om finansiële dienste aan kliënte te lewer.

3.2 Senwes is deur die Finansiële Dienste Raad gemagtig om as tussenganger in FSP Kategorie I op te tree, met spesifieke magtiging om tussenganger dienste te lewer, sowel as sub-kategorieë wat verband hou met die finansiële produkte wat deur Senwes gebied word.

## 4. Algemene Terme en Voorwaardes

4.1 Die Kliënt vrywaar die Maatskappye en stel die Maatskappye hiermee vry ten opsigte van enige inkomstebelasting of ander belasting of heffing van welke aard ookal ten opsigte waarvan die Kliënt aanspreeklik mag raak of wat betaalbaar mag raak, na aanleiding van enige aksies

namens die Kliënt deur Senwes geneem in terme van hierdie mandaat, en in besonder belasting op rente of kontant deur Senwes namens die Kliënt gedeponeer in terme van hierdie mandaat;

4.2 Die Kliënt vrywaar hiermee die Maatskappye en enige derde party waarmee die Maatskappye namens die Kliënt kontrakteer en stel die Maatskappye en enige sodanige derde party vry van-

4.2.1 enige verlies gely ten behoewe van die Kliënt na aanleiding van en voortspruitend uit enige *bona fide*-transaksie in terme van hierdie mandaat;

4.2.2 enige en alle eise, skade, aanspreeklikhede, koste en onkoste, insluitend redelike prokureurskoste, wat teen die Maatskappye ingestel mag word weens die bedryf van die Kliënt se rekening.

4.3. Niks hierin vervat sal die Maatskappye egter vrywaar teen aanspreeklikheid vir verliese gely deur die Kliënt of enige ander persoon weens bedrog, diefstal, kwade trou, oneerlikheid of growwe nalatigheid deur die Maatskappye of enige van die Maatskappye se werknemers nie. Nieteenstaande voormelde sal die Maatskappye nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige bedrog, diefstal, kwade trou, oneerlikheid of growwe nalatigheid gepleeg deur enige derde party soos hierbo na verwys, of namens enige sodanige derde party se werknemers nie. Die Maatskappye aanvaar ook nie aanspreeklikheid in die geval van die insolvensie of gepaardgaande sekwestrasie of likwidasie van sodanige party se boedel nie.

4.4 Die Kliënt verleen hiermee toestemming dat Senwes opnames mag maak van enige telefoongesprek tussen die Kliënt en enige lid van die Maatskappye se personeel en erken dat dit internasionale praktyk is en alleenlik gebruik word vir doeleindes van die beslegting van dispute wat mag ontstaan ten opsigte van telefoniese advies of instruksies.

4.5 Die Kliënt bevestig dat daar nie van die Maatskappye of enige derde party wat deur die Maatskappye opdrag gegee word ten behoewe van die Kliënt, vereis sal word om enige betaling namens die Kliënt se order te maak sonder dienooreenkomstige skriftelike opdrag daartoe en vrywaring deur die Kliënt nie.

4.6 Waar bevestiging van 'n transaksie by wyse van elektroniese medium aan die Kliënt gestuur word, sal die Maatskappye nie teenoor die Kliënt of enige ander persoon wat die bevestiging ontvang, aanspreeklik wees vir enige direkte, indirekte of gevolglike aanspreeklikheid, verlies, skade of koste van enige aard voortspruitend uit die feit dat die bevestiging by wyse van elektroniese medium geskied het nie, ongeag of dit mag voortspruit uit die vernietiging van data, stelsel wanfunksie, onderbreking van kommunikasie of enige ander probleem waaroor die Maatskappye geen beheer het nie.

4.7 Die Maatskappye en die Kliënt kies as hul onderskeie *domicilium citandi et executandi* vir doeleindes van die betekening van alle kennisgewings en prosesstukke ingevolge hierdie mandaat, die fisiese adresse wat in hierdie mandaat verskyn, of enige ander fisiese en posadresse wat per skriftelike kennisgewing aangedui mag word, welke wysiging 21 dae na sodanige skriftelike kennisgewing effektief sal word.

4.8 Hierdie mandaat bevat al die terme en voorwaardes wat die kontraktuele verhouding tussen Senwes en die Kliënt sal beheers. Daar bestaan geen terme, voorwaardes, reëlings, verstandhoudinge, waarborge of voorstellings ten opsigte van die onderwerp van hierdie mandaat, en wat die partye bind, wat nie hierin vervat is nie.

## 5. Vertroulikheid

Senwes sal enige inligting wat verband hou met hierdie mandaat, sowel as die uitvoering daarvan, as vertroulik hanteer en sal geen inligting met betrekking tot die Kliënt of die Kliënt se instruksies openbaar maak nie, tensy openbaring vereis word ten einde wetgewende voldoening te verseker.

## 6. Wetgewing en jurisdiksie

6.1 Hierdie ooreenkoms word beheer deur die wetgewing van die Republiek van Suid-Afrika.

6.2 Enige regsprosedures wat een party teen 'n ander wil bring, volgens die keuse van Senwes, sal ingestel word in die Landdroshof, selfs in gevalle waar die bedrag in dispuut die bedrag wat andersins onder die jurisdiksie van dié hof mag val, oorskry.

## 7. Geheelooreenkoms

Hierdie dokument vervat die geheelooreenkoms tussen die partye en vervang enige vorige ooreenkomste.

## 8. Wysiging tot Ooreenkoms

8.1 Geen verandering of wysiging tot hierdie ooreenkoms sal effektief wees nie, tensy dit op skrif gestel word en deur beide partye onderteken word.

8.2 Geen verslapping of ruimte verleen deur een party teenoor die ander sal 'n afstanddoening van sodanige party se regte in terme van hierdie ooreenkoms daarstel nie of voorkom dat sodanige party streng en nougesette voldoening aan die terme van hierdie ooreenkoms afdwing nie.

## 9. Beëindiging van ooreenkoms

9.1 Enige party mag hierdie ooreenkoms onmiddellik beëindig deur skriftelike kennisgewing aan die ander party te gee.

9.2 Met uitsondering van dit waarvoor spesifiek voorsiening gemaak word, sal die beëindiging van hierdie ooreenkoms geen party vrywaar teen die uitvoering van enige uitstaande verpligtinge ten tye van die beëindiging van die ooreenkoms nie.

9.3 Hierdie Ooreenkoms sal outomaties beëindig word indien die Senwes FSP-lisensie sou verval, opgeskort of teruggetrek sou word.

**Trustrekeningbesonderhede:**

| | |
|---|---|
| **Rekeningnaam:** | **ZAR X Nominees** |
| Bank: | Rand Merchant Bank (***FNB***) |
| Tak: | RMB Corporate Banking Johannesburg |
| Takkode: | 255005 |
| Rekeningnommer: | 62631998236 |
| **Verwysingsnommer:** | **SDA Rekening / Aandeelhouers of Klant nr.** |

Geteken te _____ op _____ 20____.

Vir: SENWES

_____

***EM Joynt***
**MAATSKAPPYSEKRETARIS**
BEHOORLIK GEMAGTIG

Geteken te _____ op _____ 20____.

_____

**DIE KLIëNT / AANDEELHOUER**
BEHOORLIK GEMAGTIG